FUNKSIONELE WISKUNDE SG VR1 NOVEMBER 2006

Die kandidate se werk was netjies en ordelik. Die instruksies is goed geimplimenteer, met die uitsondering van sekere kandidate wat nie die instruksie dat elke vraag op ‘n nuwe bladsy gedoen moet word, nagekom nie. Afrondings probleme kom steeds voor.

Die rangorde van die beste [1] tot die swakste [6] beantwoorde vraag verskyn in hakkies langs die vraag.

VRAAG 1: EKSPONENTE [4]

Swakerig beantwoorde vraag. Eksponentwette is gereeld verwar. Vraag 1.2 is meestal foutief beantwoord.

VRAAG 2: LOGARITMES [2]

Hierdie vraag is beter beantwoord as die eksponent vraag waarskynlik omdat die wette aan die kandidate verskaf is. Die afdeling waar die sakrekenaar gebruik mag word is goed beantwoord.

VRAAG 3: GRAFIEKE [6]

Hierdie vraag is baie swak beantwoord waarskynlik omdat dit ‘n log grafiek was. Kandidate het in die verlede beter gevaar met die eksponent grafiek.

VRAAG 4: NUMERIESE METODES [3]

Alhoewel ‘n tabel nie in hierdie vraestel gegee was nie, het verskeie kandidate daarvan gebruik gemaak. Dit lyk asof die kandidate die interval halveringsmetode beter verstaan indien hulle daarvan gebruik maak.

VRAAG 5: RYE & REEKSE [1]

Vraag is baie goed beantwoord. Formules is gereeld gebruik.

VRAAG 6: DIFFERENSIAALREKENING [5]

Hierdie vraag is beter beantwoord as vorige jare. Limiete wat eers gefaktoriseer moet word, is meestal nie gefaktoriseer nie. Kandidate kan steeds nie onderskei tussen f(2) en f’(2) nie.